HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 16 van 2026

2 Februarie 2026

Geagte Ouers/Voogde

Ons is uitermate opgewonde oor die 2026-tienertoneelseisoen en die groot dinge wat ons skool in die komende jaar kan bereik. Tienertoneel bly een van ons skool se groot kulturele platforms en ons sien daarna uit om ons leerders se kreatiwiteit, groei en talent deur die jaar te beleef.

2026-tienertoneelstukke:

Ons beplan ses produksies vir die 2026-seisoen. Verdere inligting oor elke stuk sal binnekort met die leerders gedeel word. Let Wel: 'n Leerder kan slegs by een stuk vir die duur van die hele seisoen betrokke wees, hetsy dit voor of agter die skerms is.

Wie kan betrokke wees?:

Enige leerder is welkom om deel te neem — ongeag ervaring.

- Oudisies vir rolle sal op 5 Februarie plaasvind. Inligting is aan leerders op *WhatsApp* aankondigingsgroepe gekommunikeer.
- Leerders wat slegs agter-die-skerms wil help (bv. verhoogbestuur, kostuums, rekwisiete of tegnies) kan gerus vir juf. Snyman, of die onderskeie regisseurs, kontak om hul name op die lys te plaas.

Oefentye:

Kultuuraande se repetisies/oefentye vind op Maandae en Donderdae van 18:00 tot 21:00 plaas.

Indien 'n leerder hom-/haarself beskikbaar stel om deel te neem, vra ons vriendelik dat hulle sover moontlik gedurende hierdie tye beskikbaar sal wees. Klein aanpassings is moontlik, maar ongeveer 90% van alle oefeninge sal binne hierdie tydgleuwe plaasvind.

Optredes en Kompetisies:

Ons skool gaan in 2026 aan die volegende feeste deelneem:

- Ons skool se eie Kriewelfees
- Allegretto

- Pronk Podium
- ATKV Tienertoneel

Belangrik: *Nie elke stuk sal noodwendig by al drie eksterne kompetisies optree nie.* Inligting oor watter stuk waar optree, sal betyds aan ouers en leerders gekommunikeer word. Alle stukke sal by die Kriewelfees optree.

Tydraamwerke vir Optredes:

- Die eksterne kompetisies vind vanaf einde Julie tot einde Augustus, gedurende die week, plaas.
- Elke deelname behels 'n tegniese repetisie, laatoggend of vroegmiddag, gevolg deur 'n aandoptrede waar ongeveer vyf skole deelneem.
- Daarna volg 'n kort prysuitdeling en leerders arriveer gewoonlik tussen 21:30 en 22:30 terug by die skool.
- Vertrektye en vervoerreëlings sal vooraf met ouers gekommunikeer word.
- Streekfeesfinale vir sekere kompetisies vind op Saterdae plaas.
- Indien 'n stuk semi-finale of die nasionale finaal haal, sal daar ook optredes in September wees.

Ons sien met groot entoesiasme uit na die 2026-seisoen en waardeer u voortdurende ondersteuning in die ontwikkeling van ons leerders se kultuurtalent.

Vriendelike Randjiegroete

C. Snyman
Tienertoneel-organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

J. Piso
Kultuurhoof